Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.




Jrg. 9 Kaapstad, 1 November 1950 Prys 3d. No. 50

# Anti-Fascistiese Vertrouelinge Laat Britte In Steek

**Nog 'n Britse atoomdeskundige wat tydens die oorlog op grond van sy „anti-fascistiese" neigings in Brittanje en Kanada in die mees geheime afdelings van atoomnavorsing gebruik is, het sy werkgewers in die steek gelaat. Hy is die Italiaan dr. Bruno Pontecorco wat verdwyn het tydens 'n vakansie in Italië en wat laaste in Finland onder weg na Rusland gesien is. Amptelike menings gee voor nie seker te wees of hy vrywillig na die Sowjet toe oorgestap het nie, maar 'n studie van sy verlede en sy verwantskappe toon dat daar alle rede bestaan dat sy verdwyning vrywillig was.**

**Pontecorco het in 1936 uit Italië „gevlug" vir Mussolini se „anti-Joodse vervolging" en hierdie feit was in die jare van bondgenootskap met die Kommunisme so 'n groot aanbeveling dat die Britte hom as hul deskundige aanvaar het sonder enige navraag omtrent sy politieke betroubaarheid. Hy is na Kanada gestuur waar hy saam met die verraaier dr. Nunn May, wat tans 'n tronkvonnis uitdien weens verklapping van geheime aan die Russe, in die belangrike atoominrigting te Chalk River gewerk het. Hy het toegang gehad tot die digste geheime en gehelp aan die oprigting van die mees moderne atoomwapenfabriek. Hy besit ook die tegniese kennis vir die ontwikkeling van die waterstofbom. Hy het 'n eis teen die Verenigde State ingestel vir vergoeding vir sy patent wat hy beweer deur die Verenigde State oorgeneem is vir die vervaardiging van die atoombom.**

**Na berig word, is sy suster 'n lid van die Italiaanse komitee wat die Sowjet-vredespropaganda-veldtog voer.**

**Die geval Pontecorco onderstreep nogeens die noodsaaklikheid dat die Westerse volke hul stryd teen oorlede Hitler en Mussolini moet afsluit en tot die besef kom dat Stalin nie tegelyk 'n vyand en 'n bondgenoot kan wees nie.**

## A.K.G. SIEK IN KAAPSTAD

Die adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, is verlede week in die Volkshospitaal in Kaapstad opgeneem. Sy toestand vereis 'n operasie en dit is dus onwaarskynlik dat hy die laertrek in Bloemfontein sal bywoon, tensy daar voor die tyd 'n groot verbetering intree.

## Britse Ryk Deurtrek Van Parlementêre Gees

**„Die nuwe laerhuis is vir die wêreld 'n teken van ons geloof in vryheid, ons vertroue in die duursaamheid van ons gemeenskaplike ideale en van die bande, rekbaar maar nogtans stewig, wat die volke van die Statebond saamsnoer en die vryheidsliewende volke van alle nasies in broederskap verenig.**

**„Hoewel my volke in ras, taal en kultuur verskil, is elke wetgewende vergadering in die Statebond deurtrek van die gees van ons parlementêre stelsel."**

**Aldus het die Britse koning verlede Donderdag geroem toe hy die nuwe laerhuisgebou geopen het. Daar was altesame 28 speakers uit alle dele van die Britse Ryk byeen — ook uit die Unie.**

# Na Die Laertrek!

## ONS WAS GEEN OORLOGSTIGTING

**Mnr. Max Smuts (hoofgeneraal), Franschhoek, skryf:**

Miskien is dit nie eers nodig om te roep nie, want 'n O.B. ken mos sy/haar plig. Op 7 en 8 November e.k. sien ons mekaar te Bloemfontein waar 'n ferme handdruk weer die kameraadskapsbande nie net sal hegter bind nie, maar ook die Afrikanerbloed in ons are sal verhit en vinniger laat vloei. Hierdie boodskappie is dan in alle beskeidenheid gerig aan die enkeles van wie die stringe tekens toon van laat slaphang. Ek hoop dat ek my maar met die enkeles ook misgis. Maar nietemin, in so 'n geval dan dien my boodskappie vir hulle wat nog nie kan verstaan wat ons O.B.'s dan nou eintlik wil nie. Dadelik sê ek aan diesulkes: Ons getalle is klein, ons dade van die verlede groot, ons doel en stryd vir ons volkie se toekoms is ontsaglik. En wat is die O.B. se doel dan nou? Ons het mos 'n Nasionale regering, is dit nie genoeg nie? Of wil julle maar net rusie maak?

Nee, laat ek vir u sê, die O.B. was nie 'n oorlogsmaatreël om hier en daar 'n voortvlugtende Afrikaner (reg of verkeerd, maar meer reg as verkeerd) te versteek, hom met 'n stukkie kos en slaapplek te voorsien en vir hom en sy kamerade agter die doringdraad se afhanklikes in hulle daaglikse behoeftes te voorsien nie. NEE, die O.B. het bestaan voor hierdie dinge sy aandag geniet het. Ons groot doel lê nog voor, ons is dankbaar vir 'n nasionaal-georiënteerde partyregering, maar dit beteken nog nie die saamstaan van alle blankes in hierdie land nie. Dit beteken nog nie gesamentlike optrede teen al ons baie vraagstukke in hierdie land nie. Nee, mede-Afrikaners ons soek nie rusie nie, ons wil ontslae raak van 'n regeringstelsel soos deur die veroweraar op 'n verowerde volkie afgedwing, 'n regeringstelsel wat die volk **nooit** as 'n eenheid kan laat optree nie.



NEE, ons strewe vir 'n Boererepubliek soos ons voorvaders dit geken het en soos ons glo die beste is vir 'n gesonde voortbestaan van blank Suid-Afrika. As hierdie doel verwesenlik is sal slap stringe in die stryd ons nie verontrus nie, maar nou sê ons nog daar is 'n stryd om te stry, daar is werk om te doen Komaan. Soms lyk die stryd so onmoontlik maar aan hulle sê ek: soet is die stryd vir die stryer, al het ons tot hiertoe verloor, maar hy wat sy deelname weier, is besig om sy nasie te vermoor.

## U WORD GEROEP

**Mnr. K. J. H. Behrens (hoofgeneraal), Rustenburg, skryf:**

Die O.B. ROEP. Wie roep hy? Vir u en vir my, ja elke Offisier en Brandwag word geroep na Bloemfontein vir die derde, so belangrike, laertrek. Wat gaan u antwoord wees? Is u nog 'n getroue O.B.? Of het u ook reeds skaam geword, en voel dat hoewel u nog van hulle hou, u tog nie graag in die openbaar gesien wil wees tussen hulle nie? Sal dit miskien die rede gaan wees, dat u sal antwoord: Bloemfontein is te ver, ek is juis baie besig, ek sal te veel verloor, my boerdery, werk of omstandighede laat dit nie toe nie. Ek sal tog in die koerante of van my makkers hoor wat daar aangegaan het. Is u een van die wat saam die beweging begin het, saam gestry het, saam die laertrekke in 1941 en '46 meegemaak het, maar nou opsy staan en kyk hoe u mede-brandwag alleen veg om die enigste egte volksideaal verwesenlik te kry?

Nee, mede-offisier, brandwag en kameraad, u teenwoordigheid op die laertrek is net so nodig as myne. Ons is nog in die hitte van die stryd — en ons stryd is nog reg. Juis in 'n stryd soos hierdie, in 'n tyd soos hierdie, waar omwentelinge en gebeurlikhede vloeibaar en swanger is, is dit van aller grootste belang dat ons almal moet saam kom, moet saam beraadslaag en ons toekomsbeleid duidelik stel.

U opofferings in die verlede was nog nooit onderskat, u getrouheid en gehoorsaamheid



aan 'n oproep soos hierdie was nog altyd uitmuntend en dus ook hierdie oproep sal u gehoorsaam.

Ek ken net een leuse: „ek is my broer se hoeder, ek sal hom nie in die steek laat nie."

Ons sien mekaar op Bloemfontein.

# VIND SITPLEK OORBODIG VIR 200 LV's IN NUWE LAERHUIS

## Toustanery By Opening

**Die nuwe laerhuisgebou van Brittanje is verlede Donderdag in gebruik geneem nege jaar nadat Duitse bomme die oue verwoes het. Een van die vernaamste kenmerke van die nuwe gebou is dat dit net so klein is as die oue wat lankal nie meer as twee-derdes van die parlementslede kon bevat nie, en volgens die berigte het die parlementslede van voor dagbreek af tougestaan vir die opening. Daar is wel meer ruimte gegee aan die pers — 'n bewys dat die parlement se belangrikste rol is om te dien as propaganda-verhoog vir die politieke partye.**

**Ongeveer tweehonderd van die 620 Britse parlementslede sal in die nuwe raadsaal geen sitplekke hê nie.** Die rede wat hiervoor aangegee word, is dat die besprekings 'n intiemer karakter moet hê „net soos in die ou saal." **In werklikheid is dit 'n praktiese uitbotsel van die partystelsel wat lankal opgehou het om 'n volksverteenwoordigende karakter te dra.** Dit is nie die individuele parlementslede wat hul kiesafdelings verteenwoordig en daarom aanspraak op 'n sitplek in die land se raadsaal het nie, maar dit is die politieke partye wat as middelmanne die volksverteenwoordiging ingepalm het en vir wie die kiesafdelings nou maar net „setels" is in terme waarvan die rykdom van die onderskeie partye bereken word.

### WILLOSE STEMVEE

**Die parlementslid het geen seggenskap in die raadsaal meer nie. Hy is daar net 'n stemvee wie se teenwoordigheid of afwesigheid deur partyswepe gereël word ooreenkomstig die party se behoeftes aan stemme vir die een of ander doel op die een of ander tydstip.** Deur die stelsel van afparing is dit vir die partye moontlik om sonder vrees vir 'n verrassing met 'n klein klompie stemvee aan te gaan. Volgens hierdie stelsel reël die swepe van die verskillende partye vooraf so dat die stemkrag van die regering nie verander word in die gewone loop van omstandighede nie. As daar byvoorbeeld 80 regeringslede afwesig moet wees — hetsy weens 'n tekort aan sitplek of ander dringende belange — moet die opposisiepartye ook 80 van hul lede aansê om weg te bly sodat die regering se meerderheid van sewe of ses gehandhaaf kan word.

### AANVAL BEKEND

En die enkele keer wanneer die opposisie sy stemkrag mobiliseer om die regering 'n nederlaag toe te dien by wyse van 'n wantroue-debat, word dit vooraf aangekondig en 'n paar dae voor die tyd spekuleer die pers oor die moontlike uitslag deur al die lede wat in die buiteland op reis of so dodelik krank is dat hulle nie per ambulans na die parlement aangery kan word nie, te tel. En as die groot „slag" dan plaasvind, **word ook die tweehonderd pleklose stemvee binnegehaal. Hulle sit dan op die vloer of op die ander se skote vir die paar minute wat die stemming duur, waarna hulle weer koers vat buite toe.**

**Tot hierdie karikatuur het die Britse partystelsel die volksverteenwoordiging laat daal, en hoewel daar in ons land nog genoeg sitplekke vir al die lede is, verskil dit in geen opsig van die Britse parlement nie.**

## Sjinese Grens Bereik

Die magte van die Verenigde Volke het verlede week die grens tussen Korea en Mantsjoerye bereik. Intussen is nog 27,000 troepe 70 myl ten suide van die grens aan land gesit.

Volgens berekening het die Noord-Koreaanse magte reeds 330,000 ongevalle gelei, en het daar nog net 37,000 troepe oorgebly.

---

**'n Geleerde kat** het 'n eis van £185 teen 'n hond vir aanranding ingestel in Oakland, Amerika.

Die eienares van die kat, mej. M. Smith, het in die hof gesê dat dit nie 'n gewone kat is nie, maar 'n opgevoede wat kan dans en by die venster aanklop as hy wil binnekom.

---

**Die speaker, mnr. Tom Naudé,** wat tydens die oorlog 'n teenstander van die Unie se oorlogsdeelname was, is die afgelope week in die Belgiese parlement gehuldig vir Suid-Afrika se aandeel in die twee wêreldoorloë. Mnr. Naudé het op die galery gesit en luister na die verrigtings in die laerhuis.

DIE O.B., WOENSDAG, 1 NOVEMBER 1950

# ONS VOLKSKOERS

Daar is veral twee dinge waaraan die laertrek aanstaande week aandag aan sal moet skenk. Die eerste is sy verhouding teenoor die politieke partye en meer in besonder die regerende partye. Ons lewe in 'n partystaat met 'n afwisselende nasionale en Britse aksent en dit is hierdie feit wat die optrede van die Ossewabrandwag in die verlede so moeilik gemaak het. Aan die een kant is daar die begeerte by 'n groot deel van die volk — ook partylede — om 'n eie Afrikaanse staatstelsel in te voer en dus heeltemal te breek met die partypolitiek. Aan die ander kant is daar die nimmerbeslissende stryd tussen twee politieke rigtings wat ons land òf 'n nasionale òf 'n Britse stempel gee, en in hierdie stryd word O.B.-lede dan ook opgevorder om deel te neem. En dit is 'n moeilike saak om jou aandeel te weier. Hoewel ons geen heil verwag selfs van 'n O.B.-partybewind nie omdat ons groot vraagstukke nooit langs die partypolitieke weg opgelos kan word nie, is dit wel deeglik 'n feit dat die Afrikaner se lot ten goede of ten kwade beïnvloed word deur die party aan bewind. Onder 'n nasionale regering word ons taal bevorder en kry Afrikaners geleentheid om 'n waardige aandeel in die sake van ons land te neem. Nie die minste van almal nie is die prestige wat sowel in die binne- as in die buiteland aan ons volk verleen word wanneer ons 'n Afrikaanse regering het. Dit is feite hierdie wat die laertrek in die oë sal moet kyk.

Hierteenoor sal die woorde van prof. L. J. du Plessis op die vorige laertrek nog in die ore van baie naklink:

„Wat ons moet doen is om O.B. te wees en dit werklik uit te lewe. **Die geheim om te kry wat ons wil hê, is om af te sterf wat ons het.** Namate die omstandighede die volk gaan dwing om af te sien van die oue, na die mate moet die O.B. na vore kom en deur die volk raak gesien word. En die geheim hiervoor is getrouheid aan ons ideale.

**„As ons die nuwe staat wil hê, moet ons die oue weggooi. Veranderings kan nie langs die weg van ou instellings geskied nie."**

Dit is advies wat in die lig van die huidige omstandighede ook deeglike oorweging verdien.

## ONS VOLKSKOERS

Die tweede belangrike saak vir oorweging op die laertrek is die taak van die Ossewabrandwag om naas sy strewe vir staatshervorming ook 'n wakende oog te hou oor die historiese koers van ons volk. Ons volk het ver gevorder op die weg van nasieskap, **en 'n groot deel van hierdie vordering moet toegeskryf word aan 'n gesonde isolasie-beleid wat in die verlede gevolg is — ons dink maar aan afskeidings op verskillende terreine van die samelewing soos weerspieël in ons afsonderlike party, ons afsonderlike studente- en jeugorganisasies en ons afsonderlike skole. Daar is vandag 'n neiging — en dit word deur wêreldomstandighede bevorder — om uit hierdie isolement te breek en die Afrikaner in wyer kringe saam te skakel. Ons hoor hierdie geluid reeds op partypolitieke gebied waar daar gepraat word van die „dooie verlede" wat begrawe moet word. Ons sien dit in die nouer samesnoering van Suid-Afrika met die res van die Empire waar militêre noodsaak hierdie proses verinnig.**

Met ander woorde, ons bevind ons tot 'n groot mate terug in die tydperk voor die Hertzog-Botha-botsing — met slegs die verskil dat danksy die veertigjarige stryd van genl. Hertzog die Afrikaner vandag oneindig sterker staan as toe.

## OMHELS EMPIRE

Maar net soos toe is daar ook vandag republikeinse Afrikaners wat glo dat die Empire van gedaante verander het en nou aan die bors gedruk kan word. **Ons moenie vergeet nie dat die Botha-aanhangers van veertig jaar gelede almal republikeine was en dat die Britse set van „selfregering" en die daaropvolgende unifikasie hul welwillendheid gewen het.** Toe genl. Hertzog uitgekom het met sy waarskuwing dat daar van die pad van Suid-Afrika afgedwaal word, is hy deur republikeine verwerp as 'n skeurmaker en korrelkop. Dieselfde gevaar bestaan vandag dat hy wat dit waag om 'n waarskuwende woord te uit teen versaking van die Afrikanerkoers, uitgeketter kan word as 'n skeurmaker. **Maar nietemin is dit noodsaaklik dat iemand vandag die suiwere koers moet aanwys net soos 'n Hertzog dit veertig jaar gelede aangewys het.**

Dit sal dus ook die taak van die laertrek wees om eerlik en sonder vrees vas te stel of en watter afwykinge daar is van die Afrikanerkoers en 'n heldere klank te laat hoor. Dit geld nie net ons verhouding tot die Empire nie, maar ook ons standpunt ten opsigte van binnelandse vraagstukke soos onder meer dié van kleur.

Die taak van die Ossewabrandwag is om brandwag te staan oor ons volksbelange **en dit is veral wanneer 'n volk in 'n rustoestand verkeer dat die brandwag op sy hoede moet wees. Die belangrikste bydrae van die Ossewabrandwag sal miskien in die geskiedenis nie aangeteken staan in die annale van die oorlog toe hy die verset gelei het nie, maar juis in die annale van die vrede toe ons volk argloos op sy politieke louere gesit en rus het.**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Die Afrikaner Bond se Idee*

Een van my lesers wat homself „Byna Sewentig-jarige" noem, skryf: „Maggies, maar dit is 'n blink gedagte om die rubriek ‚Van die os op die esel' te skep. Lesers van Die O.B. is mos oorspronklike mense wat nou kans kry om hulle gevoelens te lug."

„Die mensdom is nou gulhartig in die uitdeling van wenke hoe die steeds ryker wordende boere hulle geld moet belê. Ek weet wat die meeste gaan doen. Hulle gaan die grenslyne van hul plase versit. Daardeur word al verder afgewyk van die idee van die ou Afrikaner Bond in vóór-Unie dae, wat gestaan het vir kleiner plaasbesit ten einde intensiewe bewerking te bevorder. Die huidige vergoeiliking van die grondmagnaatidee beteken in die praktyk: groot gronde met hongerloonarbeiders daarop.

„Maar wag, laat my nie krities staan teenoor mense wat dalkies môre-oormôre weer deur die staat ondersteun moet word nie!"

### *Boere Moet Self Waardeer*

My bejaarde leser het nog 'n oulike wenk wat hy in die midde van ons boere wil lê: „Ek dink", sê hy „dat ons moet wegkom van ons aangestelde waardeerders en skattingshowe, wat opperbes beantwoord insoverre dit dorpseiendomme betref. Plaasstreke, egter, het hul eie waardes: £1 per morg waar dorpe 100 myl van mekaar geleë is; £3 10s. en £8 per morg waar die dorpe onderskeidelik 60 en 35 myl van mekaar geleë is. (Hoe dieper, vrugbaarder en waterryker die plaasgrond hoe nader aan mekaar en hoe talryker die stedelike samelewings). Elke boer ken die waarde van sy plaas. Laat hom toe om self sy eiendom te waardeer. Waardeer hy te hoog vir belasting aanslagdoeleindes dan doen hy homself leed aan; waardeer hy te laag dan kan die staat sy grond koop teen sy (die boer se) waardering plus 15 persent. Op hierdie manier kan grond beskikbaar word vir mense wat met hul talente wil woeker en kan voorkom word dat waardevolle grond aan swak besoldigde bestuurders of selfs aan naturelle-opsigters oorgelaat word.

### *Wag op Aandag*

My leser van byna sewentig jaar sluit af met 'n laaste kapittel wat hy aan die jonger geslag van boerende boere wil voorlees. Hy verklaar „dat dit gesê word, selfs in dagblaaie, dat die middestand uitvaar oor die welvarendheid van die wol-, karakoel-, wyn-, en vrugteboere. Soos ek die middestand ken verkeer hulle in afwagting op aandag. Waaroor hulle wel gebelgd voel is die aankoop deur boere van plaasprodukte wat die kwotas van die stedelike samelewings uitmaak. Om 'n Engelse sinnetjie in te las: dit is ‚too much bother' vir 'n florerende boer om een morg grond te wy aan groente- en lusernverbou om in sy plaas se benodigdhede te voorsien. Een morg kan al die groente, botter en eiers besorg wat op die plaas verbruik moet word en boonop nog 'n paar swartkopskapies dra vir vleis. Maar, o wee, die maklik verdiende geld kan so maklik koop en hoër lone aan die plaasvolkies betaal, wat op hul beurt ook groente en ander voedsel op die dorp moet koop."

Ek het hierdie week weer 'n brief ontvang van my leser Pro Patria. Hy gesels oor die netelige kwessie van vakleerlingskap en hy vertel tewens 'n nuuswaardige brokkie oor die uitbetaling van diwidende in die buiteland. Hy skryf:

### *Vakleerlingskap*

„Die besoeke van ministers aan die buiteland hinder my nie so veel nie as die reise wat departementele hoofde aflê om hulle te vergewis van vreemde praktyke. Daarmee word bewys dat by ons 'n gebrek aan oorspronklikheid bestaan.

„Daar is egter een man wat Europa moet besoek en dit is die amptenaar wat doenig is met vakleerlingskap.

„In ons land kan dieselfde mense wat ons regeerders diets gemaak het, dat 'n seun of dogter eers met sy of haar 16de jaar diensbaar mag word, getuig dat hulle self na stds. V of VI die skool verlaat het om met hulle 18de of 19de jaar in besit te kom van die nodige sertifikate van bekwaamheid om volle loon te kan verdien in ambagte. Hulle is oorsaak dat ons vyf jaar agter staan by die immigrant. Die onderploegterm van die Verenigde Party het ons arbeidsdepartement al jare gelede toegepas.

„Maar ons skoolgraadstelsel, dink ek, het bygedra dat ons Afrikanerdeel van ons bevolking slegs die portrette van 'n stuk of vyftien mense kan toon wat enigiets op handels- en nywerheidsgebied presteer.

### *Skole se Grade*

„Op my dorp gaan elke jaar 120 tot 130 kinders van die twee primêre skole oor na die Hoërskool en slegs 40 tot 45 kom so ver as Std. X. Wat word van die ander wat ná Stds. VII en VIII tou opgooi? Hulle loop 'n jaar of twee rond voordat hulle volgens wet in die werk mag kom. Ek dink ons skole se grade moet volgens die Std. X getalbywoning vasgestel word, dan kan ons makliker die skoolverlaat-ouderdom op 14 stel en dan kan ons jeug ook op 19 jaar die vaksertifikaat inoes."

My lesers sal onthou dat die grade van hoërskole vandag bepaal word ooreenkomstig die bywoningsgetalle. En ek verstaan dat voortaan std. vyffers ook hoërskool-toe moet gaan. Op hul beurt word die salarisse van prinsipale weer bepaal deur die graad van hul skool. Pro Patria beweer nou dat te veel kinders na die hoërskool gaan — as gevolg van die verstaanbare drang om die hoërskool se getalle op te skuif. Derhalwe verlang my leser dat die skool se graad vasgestel moet word ooreenkomstig die getal leerlinge in die std. X-klas. Blykbaar verwag hy dat hierdeur kinders wat tog nooit std. X sal bereik nie direk uit die primêre skool na vakleerlingskap sal promoveer — instede om eers 'n paar waardevolle jare in die hoërskool te gaan vermors.

### *Diwidende na Buiteland*

„Ek wonder", skryf Pro Patria voorts „of die departement wat doenig is met geldsake die volgende onder hulle aandag gekry het. 'n Paar jaar gelede vertel 'n finansier my: ‚In hierdie brief sit 'n bankwissel wat my vanoggend uit Kanada bereik het. Met 'n besoek aan genoemde land en aan V.S.A. is ek deur vriende aangeraai waar ek van my geld moet belê. Weet jy wat die Staat van Kanada gedoen het? Hulle het so mootjies drie-kwart van die bedrag wat aan diwidend uitgekeer was vir Staatsdoeleindes teruggehou. Ons (Suid-Afrika) het vroeër 5 persent van wegvloeiende diwidendgeld agtergehou en toe ons dit 7½ persent stel was die bohaai verskriklik.'

„Kanada laat hom nie deur vreemde-beleggings uitpuť nie. Het ek reg om die vrees te koester dat net die hoeveelheid arbeid, wat vreemde geld met die stigting van nywerhede verskaf, voldoende is vir ons land? Sybrand, ek glimlag stilweg wanneer ons volksleiers so maklik verwys na die jonkheid van ons land en ek in my geestesoog die welvarendheid van V.S.A., Kanada en Australië aanskou — V.S.A. slegs 25 jaar ouer en Australië meer as 100 jaar jonger as Suid-Afrika.

„Ek stel mnr. Havenga in gevaar om die Kanadese stelsel te noem; netnou word die buitelanders bang om geld hier te belê as hulle hond se gedagte kry: Suid-Afrika gaan ook doen soos Kanada.

„Ja, Kanada sê aan die vreemdeling: as jy 7½ persent op jou belegging in ons land ontvang dan doen jy beter as in jou eie land. By ons is die reuse balans bo 7½ persent wegvloeibaar, — voorwaar nie verrykend nie."

---

**Koning Gustaaf V van Swede,** in lewe die wêreld se oudste vors, is Sondag in die ouderdom van 92 jaar oorlede. Hy word opgevolg deur sy 68-jarige seun Gustaaf VI.

---

# Nog Ver Agter Rusland

Die gesamentlike Westerse magte is beslis nie genoeg om aggressie die hoof te bied sonder baie ernstige verliese nie, het die Amerikaanse minister van verdediging, genl. George Marshall, verlede week gesê op 'n konferensie van Noord-Atlantiese ministers van verdediging.

In die Franse parlement het die minister van verdediging gesê dat Rusland 4,100,000 gewapende manskappe het — 2,900,000 in die landmag, 700,000 in die lugmag en 500,000 in die vloot.

**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**

**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

**GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD**

**Die Voortrekker-Apteek**

**Kerklaan, KAAPSTAD.**

**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**

**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

# Private Weerprofeet Geniet Erkenning

**Australiërs sal miskien binnekort die ergste nuus in verband met weersomstandighede nie net 'n paar maande vooruit nie, maar selfs jare vooruit kan verneem.**

Inigo Jones, 'n weerprofeet wat weergesteldhede ver vooruit sien, het al so baie juiste voorspellings gemaak dat hy deur baie beskou word as 'n weergenie. Ander meen dat hy van lotjie getik is omdat sy voorspellings betrekking het op tydstippe wat so ver in die toekoms verwyder lê.

Boere van Queensland heg baie waarde aan sy private voorspellingsdiens en die regering van Queensland betaal hom 'n subsidie om gegewens vir sy voorspellings in te samel. Onlangs het die regering 'n assistent tot sy beskikking gestel om sy metodes aan te leer en ná hom met sy werk voort te gaan.

Jones werk volgens die teorie dat die geskiedenis van die weer bepaal word deur die meganisme van die sonnestelsel wat siklusse veroorsaak wat deur middel van sonvlekke waargeneem kan word.

Hy is die eienaar van 'n klein stoetplasie en skryf artikels vir koerante. Met die geld wat hy hiermee verdien, sowel as met die subsidie en gelde van 'n trust vir weervoorspelling, onderhou hy 'n klein sterrewaggie en stel hy 'n spesiale weerburo vir boere daar. Hy maak daarop aanspraak dat sy voorspellings in die verlede tagtig persent korrek was en dat hulle nog altyd verbeter.

**Mnr. Jones het voorspellings van droogtes vanaf die teenswoordige tot die jaar 2,008 uitgereik. Hy voorspel dat tussen 1983 en 1992 Australië 'n lang droogte sal beleef wat so erg sal wees dat dit 'n nasionale krisis sal veroorsaak.**

# VERJAARDAG-KETTING

**NOVEMBER**

1 Charles Kemp, Kirkwood.
Andries Niewoudt, Vryburg.
Jan van der Merwe, Paarl.
Anna du Toit, Wellington.
Maria Nortje, Kafferskraal.
2 Dina de Jager, Boshoek.
Hermanus Potgieter, Bosbokrand.
3 Annatjie van der Merwe, Stellenbosch.
Maria Welthagen, Mooinooi.
4 Aletta Eksteen, Paarl.
Aletta Niewoudt, Vryburg.
Hendrik Nel, Kakamas.
Maryna Niemand, Oudtshoorn.
Gean Salmiena de Freitas, Johannesburg.
5 Emmie Steyn, Stellenbosch.
Elizabeth Aggenbach, Kakamas.
6 Theunis Geldenhuis, Wellington.
Hennie Dempers, Heidelberg, K.P.
Maryn Wolmarans, Karreedouw.
Louisa Pretorius, Frankfort.
7 Annalies Reitz, Stellenbosch.
Jakobus Schutte, Potchefstroom.

## Die Parlement: Van waar en Waarheen?

# KONSTITUSIES ARRIVEER UIT ENGELAND

**Deur A. J. van Rooy**

Die aanvangsdatum van die proses van konstitusionele ontwikkeling, waarvan ons huidige parlementêre stelsel die produk is, is 4 Mei 1825, d.w.s. vyf maande voor die geboorte van Paul Kruger. Op daardie datum het die goewerneur, lord Charles Somerset, sy ses vernaamste amptenare byeengeroep om 'n Adviserende Raad te vorm. Hulle was die hoofregter, sir John Truter; die staatsekretaris, sir Richard Plasket; die tweede in bevel, kol. J. Daniele; die adjunk-kwartiermeestergeneraal, Lt.-kolonel J. Bell; die ouditeur-generaal, W. Bentinck, en die tesourier, J. W. Stoll. Nadat hulle eers gereeld in 'n ander vertrek vergader het, het hierdie raad vanaf 5 November 1827 in die ou hooggeregshoof wat vandag nog aan die bopunt van Adderleystraat staan, byeengekom. Indien die konstitusionele geskiedenis wat hier begin het, bekend moet staan as die Pad van Suid-Afrika, dan is die Pad van Suid-Afrika net vyf treë lank nl. van die ou hooggeregshof tot die huidige parlementsterrein.

**AGITASIE**

Die volgende stap in die konstitusionele proses was die aanstelling van 2 koloniste in hierdie Adviserende Raad, nl. (toe oud-hoofregter) sir John Truter en kaptein Andries Stockenström in Januarie 1828. Sir John Truter was toe reeds 'n geruime tyd nie meer lid van die raad nie, aangesien hy as hoofregter opgevolg is deur sir John Wylde.

Die koloniste het onder leiding van 'n sekere Fairbairn al hoe meer begin agiteer vir verteenwoordigende bestuur, veral nadat dit in 1832 bekend geword het dat die slawe vrygelaat gaan word. Heelwat petisies is na Downingstraat gestuur.

Op 16 Januarie 1834 het sir Benjamin D'Urban, die nuwe goewerneur, vanaf Engeland gearriveer. Behalwe sy bagasie het hy ook 'n nuwe konstitusie vir die Kaap vanaf Brittanje saamgebring.

Volgens hierdie nuwe konstitusie sou daar in die vervolg twee verskillende liggame bestaan, nl. 'n Uitvoerende Raad wat uit die hoogste staatsamptenare bestaan en 'n Wetgewende Raad. Hierdie raad sou bestaan uit twaalf persone, van wie vyf amptenare is, en die ander inwoners van die Kaapkolonie wat deur die goewerneur as sodanig genomineer word. Die nuwe raad het ook in die ou hooggeregshoof vergader.

**VRA PARLEMENT**

Die koloniste was nie baie lank met hierdie genomineerde raad tevrede nie en het al hoe meer begin agiteer vir 'n parlement waarvan die lede deur die koloniste self gekies word. Onder leiding van raadslede Stockenström en Fairbairn, bygestaan deur raadslede Christoffel Brand en F. W. Reitz het die versoeke al dringender geword en die Wetgewende Raad het op die ou end uitmekaar gespat. Met Engeland is daar onderhandel oor 'n nuwe konstitusie vir die Kaap. **Die nuwe konstitusie wat die Kaapse parlement in die lewe geroep het, het op 21 April 1853 aan boord van die „Lady Jocelyn" vanuit Engeland in Kaapstad aangekom.**

Hierdie konstitusie het voorsiening gemaak vir 'n parlement wat bestaan uit die goewerneur, 'n verkose Wetgewende Raad wat bestaan het uit vyftien lede onder die voorsitterskap van die hoofregter en 'n verkose volksraad met 46 lede. Die vier hoofstaatsamptenare het die reg gehad om deel te neem aan die verrigtinge van albei huise, behalwe natuurlik wanneer daar gestem word.

Nadat ons nou kortliks die konstitusionele ontwikkeling nagegaan het vanaf 1825 tot 1853, sal ons volgende keer stilstaan by die ou Kaapse Parlement 1854—1910.

# Vra Erkentlikheid Teenoor Bydraes

**„Staatsamptenaar," Heidelberg, skryf:**

Die saak wat ek hier wil aanroer is natuurlik minder aangenaam om te bespreek, maar dit moet egter van my gemoed af.

Ek het dit naamlik teen die versuim van die betrokke persone of liggame om, in die pers of andersins, behoorlik verslag te doen oor die besteding van fondse deur hulle ingesamel vir watter doel ookal.

Dit het reeds tradisie geword om by elke kultuur-, Krugerof ander Afrikanerfunksie verversings bv. ten duurste aan die publiek te verkoop, maar oor die besteding van die winste word gewoonlik nooit weer iets verneem nie. (Ek sou bv. graag per uitsondering op 'n funksie kom waar verversings teen kosprys verskaf word!)

Tydens die besoek van die Rapportryers het talle „ontvangskomitees" die geleentheid gebruik om plaaslik fondse in te samel, maar of die fondse bestee is en hoeveel en waarvoor, is gewoonlik nie bekend nie. Tydens die onthulling van die Voortrekkermonument is byna fantastiese pryse gevra vir parkeerplek, staanplek, sitplek, verversings of waarvoor maar geld gevra kon word . . en andermaal word bydraes gevra. Sou dit nie wenslik wees dat genoemde plaaslike komitees hulle fondse oorbetaal aan die Sentrale Komitee van die monument nie? Kan laasgenoemde liggaam nie 'n staat publiseer van sy inkomstes, uitgawes, wins of verlies nie?

Tien jaar gelede het ek persoonlik op verskeie lyste bygedra vir die verskuiwing van die Krugerstandbeeld en dit staan glo nog op die stasieplein!

In 1941 het 'n sekere politieke party ook fondse ingesamel vir hulp aan afhanklikes van geïnterneerdes. Die geld is, sover ons weet, nooit vir daardie doel gebruik nie! Wat het dan daarvan geword?

In ons beweging is enkele gevalle my bekend waar plaaslike fondse gelaat was in die hande van een of ander offisier. By sy „bedanking" (wat ons nie betreur nie!) word dan 'n lywige „rekening" ingedien vir sy „onkostes in belang van die beweging" soos bv. reiskoste teen 1/- per myl en dit was dan die einde van ons swaar versamelde fondse! (Om hierdie rede is ons dankbaar dat alle bydraes tans direk aan die Sentrale hoofkwartier geskied).

Dit is duidelik dat daar baie versigtig gewerk moet word met fondse en dat 'n bietjie meer duidelikheid en erkentlikheid die bydraer toekom insake die wyse waarop sy byraes bestee word.

# 'n Duidelike Vingerwysing

**Mnr. Jan C. Viljoen, Paarl, skryf:**

Vergun my net 'n paar opmerkings. In 1940—41 was volkseenheid hoofsaak vir die voortbestaan van 'n Afrikanernasie, en die vraag hoe kan die eenheid verkry word, het 'n antwoord gevind in 'n oorsig van ons politieke geskiedenis sedert 1910. Volkseenheid is onmoontlik binne enige partypolitieke verband en alleen moontlik binne die raamwerk van 'n volksorganisasie.

Intussen het groot staatkundige veranderings oor die wêreld plaasgevind. Die Westerse beskawing, die blanke ras in Afrika, die Afrikanervolk word met ondergang bedreig.

Nou kom die vraag: het die O.B. nog 'n roeping om te vervul? Vir my is die antwoord duisendmaal ja. Mede-brandwagte, kom saam met my op die laertrek. Daar by die Vrouemonument word die pad aangewys. Daar is versinnebeeld die stryd om voortbestaan van ons Afrikanernasie, en daar rus drie van ons grootste helde, ja vier. Pres. Steyn, die staatsman, genl. De Wet, die krygsman, dr. Kestell, die Godsman — 'n man van Engelse afkoms wat sy lot by die Afrikanervolk heelhartig ingewerp het. En daar rus ook die asse van Emily Hobhouse, 'n Engelse dame wat die bestaan van 'n Afrikanervolk aanvaar het. Daar is 'n roepstem uit die verlede, 'n vingerwysing na die toekoms met een Afrikanernasie, een taal, godsdiens en tradisie om die Christelike beskawing hier te handhaaf. Nie 'n kunsmatig-saamgestelde Suid-Afrikaanse volksgedagte wat 'n dr. Malan, volgens sy Durbanse toespraak, ook vandag huldig nie. Nee, ons het 'n stryd om te stry vir die behoud van ons volksiel en vir 'n O.B.-volksbeweging verhewe bo enige partypolitieke verband.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# Hulp Aan Duitse Veroordeeldes

**'n Leser, Kaapstad, skryf:**

Ek het met belangstelling u Duitse korrespondent se berigte oor die toestand van die persone wat deur die „oorlogsmisdadigershowe" veroordeel is, in DIE O.B. van 18/10/50 gelees. As daar miskien van u lesers is wat liefdadigheidspakette ter noodleniging van die afhanklikes van die veroordeeldes sou wil stuur, dan kan hulle dit rig aan:

Pfarrer Ermann, Evangelischer Anstaltsgeistlicher an den Gefangenenanstalt, (13b) Landsberg/Lech, Hindenburgring 2, Duitsland.




Waar u ook mag wees

Kommando

is die gewildste

Suid-Afrikaanse sigarette




GI-3052-AF

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## GEBOORTE

**KILIAN.**—Geskenk deur die Gewer van alles wat mooi en goed is, aan Komdt. en Komdte. P. G. Kilian, 'n liewe dogtertjie, en sussie vir die ander sewe brandwaggies, op 20 Oktober 1950, maar net aan ons geleen vir drie dae en weer geneem op 22 Oktober 1950.

Ons voel trots en dankbaar dat 'n Boerebaba en Brandwaggie uitgesoek moes word om in die hemel oorgeplant te word. Dank aan dokters en verpleegsters. Die bedroefde ouers, boeties en sussies, Posbus 54, Middelburg, Tvl. 1/11/1

## TE KOOP

Koop gebaalde lusernhooi direk van die produsent teen 6/- per 100. V.o.s. Modderrivierstasie. Minimum 7 ton k.m.b. L. J. Marais, Bus 26, Modderrivierstasie. 1/11/3B

Tien gekruisde Duitse merino rammetjies van geregistreerde vaders. Bel 6811, Wellington. Telegrafeer Du Toit, Malanstasie. 4/10/19B

Kafferwinkel op 7, 8 morg grond in Maclear-distrik aan Kafferland. Vyftien myl vanaf Maclear. Twintig morg vrugbare land, goeie weiveld. Woonhuis van drie vertrekke, ses rondawels en klein vrugteboord. Prys £2,000. Verband £750 kan oorgeneem word. Navrae: **Nel en Seun, The Falls, P/s Maclear.** 11/10/4B

Voortrekkerkispak (No. 4) geskik vir feesgeleenthede. Pas persoon van 5 voet 9 dm., £10 of redelike aanbod. Skryf aan — **„Werkloos", Posbus 1411, Kaapstad.** T.K.

## GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

**Gryshare en baard** binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

## MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

**Siektes en kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 26/7/50/5

## MARK AGENTE

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.** 19/4/TK

## VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

Teëls (Vloer en Muur), Kombuisopwasbakke (Terrazo en Vleklose staal), Vuurherde, Septiese eenhede vir gesondheid, Pilare, Wasvate, Bouers- en Loodgietersbenodigdhede, Staalrame, Verf, ens. 3/5/T.K.

## MEUBELS

**MEUBELS.**— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

## VERVOERDIENS

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**
**PAROW**

# Was U Ook By Die Ossewaens?

- **Het u ook gevoel hoe dit smaak wanneer Afrikaners saam verkeer as VOLKSGENOTE in plaas van PARTY-GENOTE?**
- **Het u ook gesien tot watter hoogtes ons volk in staat is wanneer hy die verlammende en verstikkende partypolitiek opsy skuif?**
- **Het u ook die bloed in u are voel bruis by die besef dat u besig is met iets wat aan u vaders behoort het?**
- **Wil u graag hierdie toestand laat terugkeer en dit vir die toekoms bestendig?**
- **Dan moet u ywer vir die herstel van die Afrikaner se EIE STAATSTELSEL op die grondslae deur ons vaders gelê.**
- **Daarmee kan u help deur nog 'n leser van DIE O.B. te wen.**
- **As elke leser nog een nuwe hierdie week bybring, is u krag aanstaande week verdubbel!**

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van......................*

*..........................vir die eerste..........................maande.*

*NAAM*..................................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..........................................................

..........................................................................

..........................................................................

*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

(Vervolg van bladsy 5 kolom 5)
'n betreklike geringe rol kon speel. As 'n land waarvan die lewenskrag die uitvoer van goud, wol en diamante en primêre produkte is, sou dit miskien onmoontlik gewees het om alleen te staan in 'n wêreld wat gedevalueer het, en 'n poging om dit te doen mag rampspoedig gewees het. In werklikheid moes Suid-Afrika tussen euwels kies, om òf te devalueer en die risiko van 'n verdere prysstyging te loop, òf om die risiko te loop van deflasie wat met die goudstandaardkrisis die land byna geruïneer het.

Dan is daar ook die onlangse skouspelagtige styging van wolpryse. Die hele styging is natuurlik nie toe te skryf aan devaluasie nie. Tot 'n groot mate is dit veroorsaak deur die afsetting van die voorrade van die Gesamentlike Wolorganisasie en deur die aansienlik groter aanvraag. Soos u miskien in die pers gelees het, probeer die Verenigde State om wol vir die opstapeling van voorrade en militêre behoeftes te verkry. Dit lyk dus onvermydelik dat die hoër wolpryse die neiging tot verdere inflasie sal sterk, met 'n gevolglike styging van die lewenskoste.

Soos ek gesê het, moet ons besorg wees oor die handhawing van die waarde van geld, en ons is dus bly om te merk dat ons vriende in beheer van die wolboere se sake die toestand met 'n gesonde besef van die moontlike gevolge van huidige neigings dophou.

### BESPARINGS EN BELEGGING

Die rol wat lewensversekering in die ekonomie van die land as 'n besparingsmiddel speel, word tenvolle besef deur die mense van die lande waarin ons werksaam is. Hiervan getuig die verdere vermeerdering van die bedrag van nuwe lewensversekering wat gedurende die jaar ingeskryf is. Dit is nog noodsaaklik vir Suid-Afrika om 'n groot gedeelte van sy kapitaalbenodigdhede uit sy eie bronne te haal en om terselfdertyd pogings aan te wend om oorsese kapitaal te lok.

In die afgelope jaar is 'n sekere bedrag van kapitaal vir die Unie oorsee verkry, en dit is bevredigend om daarop te let dat 'n gedeelte van hierdie kapitaal uit nuwe bronne gekom het, veral uit Switserland en die Verenigde State. Selfs in Brittanje, die tradisionele bron van ons kapitaal, is nuwe kanale geopen; dit is veral interessant om daarop te let dat Britse versekeringsmaatskappye onlangs in nuwe goudmynsekuriteite in die Unie belê het.

Die belangrikheid van goud in die ekonomie van Suid-Afrika is vanselfsprekend en langtermynprogramme vir die ontwikkeling van nuwe myne is klaarblyklik noodsaaklik. Die geslaagde finansiering van die nuwe mynondernemings het egter 'n paar korttermynprobleme, wat uit hierdie vorm van langtermynbelegging spruit, beklemtoon. Gewoonlik het 'n belegging in kapitaalgoedere spoedig die lewering van inkomste tot gevolg, en alhoewel die bedrag van die vermeerdering in die nasionale inkomste uit 'n vermeerdering van belegging 'n geskilpunt is, kan ons aanneem dat 'n deel van die vermeerdering in die nasionale inkomste vir verdere nuwe belegging beskikbaar is. In 'n ontwikkelende ekonomie het nuwe belegging dus self normaalweg verdere belegging tot gevolg. Die punt tans van belang in Suid-Afrika is of die vorm wat die grootste deel van ons belegging tans aanneem in werklikheid aanleiding gee tot onmiddellike verdere belegging op 'n skaal wat groot genoeg is. Alhoewel ons nie die noodsaaklikheid en die wenslikheid van langtermynskemas betwyfel nie, mag ons nie 'n faktor uit die oog verloor wat na my mening in ons huidige omstandighede aandag nodig het nie. Daar kan byvoorbeeld baie meer gedoen word deur die beplanning van beleggingsprogramme wat gegrond is op die direkte bewerking van ons geweldige bronne van grondstowwe wat makliker verkry kan word. Indien hierdie grondstowwe tot 'n groter mate in die Unie verwerk kan word, in plaas van dat dit in 'n onverwerkte vorm uitgevoer word, sal die belegging gouer opbrengste lewer en 'n spoediger vermeerdering van die nasionale inkomste tot gevolg hê. Dit sal uit hierdie inkomste wees dat 'n nuwe bron van toekomstige belegging gevind kan word.

### RENTEKOERSE

Verlede jaar het ek daarop gewys dat daar 'n duidelike tekort is aan kapitaal wat aangebied word en dat daar stygende neiging in rentekoerse was wat egter deur die owerheid teengewerk is. Hierdie opwaartse neiging het werklikheid geword toe daar in Oktober 1949 'n algemene styging in rentekoerse plaasgevind het, wat begin het met die uitreiking van 'n nuwe reeks Unieleningsertifikate teen 'n gunstiger koers en die styging van die Reserwebank se diskontokoers van 3% tot 3½%. Dit is feitlik onmiddellik gevolg deur die verhoging van die handelsbanke se minimum-koers op oortrokke rekeninge en hul rentekoerse op vaste en besparingsdeposito's, terwyl daar kort daarna 'n toenemende aanpassing was van die pryse waarteen die owerheid eersterangse effekte in die mark ondersteun het. Om die redes wat reeds volledig in die toesprake van verskillende voorsitters verduidelik is, het die bougenootskappe nie dieselfde weg ingeslaan nie en het hulle in die algemeen nie hul koerse op vaste en besparingsdeposito's aangepas nie. Die algemene styging in rentekoerse het dus die weg gebaan vir verskillende uitgifte van regerings- en munisipale effekte teen rentekoerse wat beter by die heersende toestande aangepas het. Dit het alles in 'n groter mate geslaag as soortgelyke pogings 'n jaar tevore.

Gedurende die afgelope jaar het die verhouding tussen die hoeveelheid geld beskikbaar vir belegging en die vraag na kapitaal 'n ietwat eienaardige verandering ondergaan. Daar was 'n redelike vermeerdering in die hoeveelheid belegbare geld, gedeeltelik as gevolg van 'n geringe netto-instroming van kapitaal van oorsee. Terwyl die vraag na kapitaal uit sommige van die gewone bronne standhoudend was, het die vraag uit ander bronne nie tred gehou nie; dit is hoofsaaklik merkbaar in die geval van die potensiële klein huiseienaar wat dit moeilik vind om die aanvanklike deposito op 'n nuwe huis te betaal en ook dikwels, as gevolg van die hoë lewenskoste, nie in staat is om die verpligtinge van gereelde maandelikse terugbetalings te onderneem nie.

Ek was steeds die mening toegedaan dat 'n stygende hersiening van rentekoerse soos hierbo beskryf, nodig was. Wanneer al die faktore in aanmerking geneem word, skyn dit asof die huidige rentestruktuur meer in ooreenstemming met die heersende toestande is.

Ek verloor nie uit die oog die groot bedrag van kapitaal wat nodig is vir die programme van uitbreiding in Suid- en Noord-Rhodesië en Oos-Afrika nie. Die Genootskap is gedurig op soek na geskikte beleggings in hierdie gebiede van sy werksaamhede om sover as moontlik ons bate en laste in die betrokke betaalmiddels gelyk te maak.

### VOORGESTELDE WYSIGINGS VAN DIE UNIE SE VERSEKERINGSWET

Gedurende die onlangse Parlementsitting is 'n Wetsontwerp om die Versekeringswet, 1943, te wysig, ingedien, maar as gevolg van drukke wetgewing kon daar nie mee voortgegaan word nie. Die Wetsontwerp is 'n lang en ingewikkelde maatreël en behandel baie aspekte van 'n suiwer tegniese aard, en dit sou onvanpas vir my wees om dit hier in besonderhede te bespreek. Dit word sorgvuldig deur u Direkteure in samewerking met ander belanghebbendes bestudeer. Bespreking van voorgestelde wetgewing deur 'n ingeligte, algemene publiek is egter altyd wenslik en ek voer dus geen verskoning aan om u aandag weereens te vestig op 'n aspek van ons versekeringswetgewing wat nie deur die voorgestelde wysigings herstel is nie. Ek verwys na daardie bepalings van die Wet, wat vereis dat versekeringsmaatskappye minstens 40 persent van hul aanspreeklikhede in die Unie moet dek deur beleggings in gespesifiseerde soorte sekuriteite, hoofsaaklik van die soort bekend as eersterangse sekuriteite (maar met inbegrip van lenings op polisse binne hul oorgaafswaarde). Ek het verlede jaar hierdie saak breedvoerig in my toespraak bespreek en aan polishouers die belangrikheid verduidelik om die maksimum-opbrengs op ons beleggings te verkry, in ooreenstemming met sekuriteit, en aangetoon hoe die gedwonge besit van so 'n groot deel van bate in sekuriteit met 'n lae opbrengs, die totale opbrengs uit ons fondse verminder.

Baie jare lank, en om verskillende redes, het ons altyd 'n groter persentasie as die 40% deur die wet bepaal, van ons fondse in eersterangse sekuriteite belê. Die bevredigende toename in die gemiddelde rentekoers op ons fondse oor die afgelope paar jaar is in 'n groot mate te danke aan 'n toename in die gedeelte van ons fondse belê in sekuriteite, met hoër opbrengste, soos eersteklas verbande. U Direkteure kan dus nou 'n toestand sien ontwikkel waar dit sou voorkom asof 'n kleiner persentasie eersterangse sekuriteite tot voordeel van polishouers mag wees en die minimum volgens wet bepaal sou hulle dan verhinder om in u beste belange op te tree.

### BESTUUR EN PERSONEEL

Ek is seker u sal almal saam met my hulde bring aan die dienste gelewer deur ons Hoofbestuurder, mnr. T. A. Murray, deur ons hoofuitvoerende beamptes en deur alle takke van ons personeel dwarsdeur die afgelope jaar. Dit is slegs as gevolg van hul getroue en hartlike samewerking, gepaard met die waardevolle hulp van die Direkteure van die verskillende Plaaslike Direksies en die uitmuntende dienste van u energieke veldpersoneel, dat ons in staat was om so 'n bevredigende verslag van vooruitgang en welvaart aan u voor te lê. Tenslotte wil ek my kollegas op die Hoofkantoordireksie bedank vir hul onskatbare dienste aan die Genootskap gedurende die jaar en vir hul bereidwillige hulp en samewerking wat vir my van baie groot waarde was in die vervulling van my pligte as voorsitter.

Dames en here, dit is nou vir my 'n groot genoeë om voor te stel dat die 105de Jaarverslag van die Direksie vir die jaar geëindig 30 Junie 1950, tesame met die meegaande geldstaat, ontvang, goedgekeur en aangeneem word.

# Blad Met Afrikaans In Duitsland

'n Maandblad in Engels, Duits en Afrikaans sal in München, Duitsland, deur die vereniging van vriende van die Unie van Suid-Afrika uitgegee word.

Die K.L.M. het besluit om eksemplare van die blad langs al sy roetes te versprei, het 'n lid van die vereniging in 'n onderhoud gesê.

Die vereniging is in Julie gestig om die „gesamentlike belange van Suid-Afrikaners en Duitsers" te bevorder.

Die groep hoop om etlike duisende immigrante onder sy beskerming na Suid-Afrika te laat verhuis.




**„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad."**

## *Maatskappyvergadering*

# HET ZUID AFRIKAANSE ONDERLINGE LEVENSVERZEKERING-GENOOTSCHAP

## *105de Jaarvergadering*

## Nuwebesigheidstotaal Oortref £47,450,000

### *Groot Vermeerderings in Fondse en Inkomste*

### Kenmerke Van Nuwe Hoofkantoor-Gebou

### *Kapitaalmark en Rentekoerse*

(Voorsittersrede)

Die 105de Jaarvergadering van Het Zuid-Afrikaanse Onderlinge Levensverzekering Genootschap is op Maandag, 30 Oktober 1950, om 2.30 nm. gehou.

Die Voorsitter van die Direksie, mnr. Gerald Orpen, het gesê:

Dames en Here,

Sedert ons vorige vergadering het die Genootskap 'n ernstige verlies met die heengaan van dr. J. G. van der Horst gely.

Dit is vir my moeilik om behoorlik hulde te bring aan die onskatbare dienste wat hy oor 'n tydperk van baie jare aan ons Genootskap gelewer het.

As 'n kollega was dit altyd 'n genot om met hom saam te werk, en ek meen dat u dit met my eens sal wees wanneer ek sê dat sy oordeel en leiding vir ons tot baie groot hulp was met die beheer van die sake van ons Genootskap en dat hy 'n toonaangewende rol gespeel het om die Ou Mutual te help om die trotse posisie wat hy tans beklee, te bereik.

Dr. Van der Horst se werksaamhede en sy prestasies was veelvuldig. Sy bydrae tot die bevordering van die welsyn van die handel en nywerheid was van groot belang. Daarbenewens het hy sy dienste sonder enige beperking verleen aan die opvoedingsaak en die verryking van ons kultuur, en op baie ander gebiede het hy voortdurend gepoog om die belange van ons land te bevorder.

Ek wil u versoek om 'n paar oomblikke op te staan as 'n laaste huldebetoon aan sy nagedagtenis.

Ek versoek nou die Hoofbestuurder om die kennisgewing wat die vergadering saamroep, voor te lees.

Die vereiste kworum is aanwesig en ek verklaar die vergadering behoorlik gekonstitueer.

Die verslae en rekeninge is reeds aan lede gestuur. Ek veronderstel dat u dit as gelees wil beskou.

**AFTREDE**

Dit is vandag vir my 'n groot genoeë om hulde te bring aan die werk van brig. Werdmuller wat, voor sy aftrede, aan die einde van Junie met verlof gegaan het.

Hy het in 1922 by ons in diens getree as Distriksbestuurder te Oudtshoorn en het spoedig opgang gemaak tot die betrekking van Agentskapbestuurder in 1933. By die uitbreek van die oorlog is hy aangestel as Adjunk-Adjudant-Generaal in beheer van werwing en by die beëindiging van vyandelikhede het hy sy ontslag geneem met die rang van brigadier. Ter erkenning van sy dienste het hy die C.B.E. en die D.B. ontvang.

By sy terugkeer tot die diens van die Genootskap in 1945, is hy aangestel as 'n Assistent-Hoofbestuurder en het beheer behou oor die hele nuwebesigheidsorganisasie. Aan die einde van sy dienstyd het die jaarlikse nuwebesigheid wat deur die Genootskap ingeskryf is, die indrukwekkende syfer van meer as £47,450,000 bereik.

Ek kan brig. Werdmuller se bydrae tot ons treffende rekord van vooruitgang nie genoeg prys nie. Sy sin van leierskap, saam met sy geweldige energie en geesdrif het almal wat met hom in aanraking gekom het, besiel en hulle sodoende aangespoor om tot die uiterste by te dra tot die sukses van die Genootskap se organisasie. Ek is oortuig daarvan dat u almal saam met my hom baie jare van gesondheid en geluk sal toewens.

**HOOFKANTOORDIREKSIE**

In die uitoefening van die magte wat in u Genootskap se Regspersoonlikheidsakte vervat is, het u Direkteure dr. R. W. Wilcocks, Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, gekies om die vakature te vul wat deur die dood van dr. J. G. van der Horst veroorsaak is.

Die drie Direkteure wat by hierdie vergadering beurtelings moet aftree, is dr. R. W. Wilcocks, dr. C. W. H. Kohler en mnr. R. van Selm. Hierdie drie Direkteure wat herkiesbaar is, is behoorlik benoem. Daarbenewens is kapt. R. J. du Toit en kapt. G. H. F. Strydom ook benoem. Die stembus vir die lede wat op 11 September gesluit het, het die herkiesing van die drie aftredende Direkteure tot gevolg gehad.

**NUWEBESIGHEID**

Vir die driejaar geëindig 30 Junie 1949, was die bedrag van nuwebesigheid wat ingeskryf is, 'n rekord, terwyl die bedrag van nuwebesigheid vir die laaste jaar van daardie driejaar £45 miljoen was, en dit was ook 'n rekord. Vir die jaar wat pas geëindig het, die eerste jaar van die nuwe driejaar, het die bedrag van nuwebesigheid £47,450,000 oorskry — nog 'n rekord.

**EISE**

Gedurende die jaar het ons 1,625 lede deur die dood verloor; hierdie lede was die houers van 2,394 polisse wat die totale bedrag van £1,821,135 verseker het. Van hierdie polisse was die bedrag wat in 350 gevalle betaalbaar was, meer as dubbel die oorspronklike versekerde bedrag, terwyl die oorspronklike versekerde bedrag in 21 gevalle meer as verdrievoudig het. Verder is daar 'n bestendige styging in die bedrag wat op die vervaltyd ten opsigte van begiftingsversekering uitbetaal word en het dit verlede jaar 'n totaal van £1,251,966 bereik. Die totaal van alle eise wat sedert die ontstaan van die Genootskap uitbetaal is, het nou die enorme bedrag van meer as £51¾ miljoen bereik.

**UITGAWES**

Die verhouding van uitgawes tot premie-inkomste toon vanjaar 'n geringe vermeerdering oor dié van 1949. Dit is veroorsaak deur die groot bedrag van nuwebesigheid wat ingeskryf is en deur die stygende administrasiekoste.

**PREMIE-INKOMSTE**

Die premie-inkomste vir die jaar het £7,940,139 beloop — gelyk aan 'n vermeerdering van 10% oor dié van die vorige jaar.

**FONDSE**

Met inbegrip van bate wat betrekking het op die pensioen- en ander interne fondse, het ons totale bate op 30 Junie 1950 £70 miljoen oorskry. Die bate is op 'n konserwatiewe grondslag in die boeke van die Genootskap gewaardeer en hul waarde, tesame met die beleggingsreserwe- en die gebeurlikheidsfonds het gesamentlik hul waarde soos in die balansstaat aangetoon, oorskry. Dit is veral van belang om daarop te let dat die totale bedrag wat teenoor ons vaste eiendomme in die balansstaat verskyn, heelwat kleiner is as die totaal van hul munisipale waardering. Gedurende die afgelope jaar is £10 miljoen belê, behalwe geld wat opvorderbaar is. Hiervan was £5 miljoen „nuwe geld".

**RENTEKOERSE**

Die netto-rentekoers wat gedurende die afgelope jaar op die Genootskap se lewensversekeringsfonds verdien is, het met 2/8 tot £4/6/2% gestyg. Soos u ongetwyfeld weet, skenk u Direkteure voortdurend aandag aan die kwessie van die belegging van u Genootskap se geld en dit verseker dus dat geen gesonde of winsgewende belegging as gevolg van vertraging verlore gaan nie.

**DIE GENOOTSKAP SE REGSPERSOONLIKHEIDSAKTE**

U het met u jaarverslag 'n verklaring ontvang wat deur my onderteken is, tesame met die kennisgewing van 'n Spesiale Algemene Vergadering wat op 20 November 1950 gehou sal word. Hierdie Spesiale Vergadering is belê met die doel om uitvoering te gee aan wysigings van u Genootskap se Regspersoonlikheidsakte wat by verlede jaar se Jaarvergadering as noodsaaklik beskou is. Die Direksie is tevrede dat al die voorgestelde wysigings òf die voordeliger òf die doeltreffender beheer van die sake van die Genootskap tot gevolg sal hê.

**PERSELE VAN DIE GENOOTSKAP**

Toe ek u verlede jaar toegespreek het, het ek gewag gemaak van die moeilikhede waaronder die Bestuur en die personeel in ons huidige gebou werk, en ek het u in kennis gestel van ons besluit om 'n nuwe Hoofkantoor op 'n geskikte voorstedelike perseel te bou. Ek is bly om te kan meld dat ons nou die nodige grond, 49 acres, te Pinelands verkry het op 'n plek tussen Forest Drive en die hoofspoor na die noorde en binne 100 tree van die spoorwegstasie.

Die verplasing na Pinelands sal waardevolle ruimte vir verhuringsdoeleindes in die huidige Hoofkantoor-gebou vrystel en die inkomste wat die Genootskap sodoende sal toeval, sal aansienlike bydra tot die dekking van die koste van die nuwe onderneming. Daar word verwag dat ons in ons nuwe gebou te Pinelandse in staat sal wees om te beplan in die rigting in my rede verlede jaar beoog.

Die planne maak voorsiening vir 'n perseel wat hopelik in al die Genootskap se vereistes sal voorsien tot tenminste 1964 en voorsiening sal maak vir 'n totale kantoorruimte van meer as 300,000 vierkante voet. Die ontwerp is van so 'n aard dat volop voorsiening gemaak is vir sydelingse uitbreiding.

Die middelpunt van die ontwerp is die sentrale registersblok wat meer as 20,000 vierkante voet beslaan en wat natuurlik verlig sal word van die kante en van die dak. Rondom hierdie sentrale blok sal die verskillende afdelings gehuisves word in blokke wat daarvandaan uitloop om saam 'n roostervormige ontwerp uit te maak. Die verskillende afdelings sal so geplaas wees dat dié wat die meeste van die Genootskap se registers gebruik maak die naaste daaraan sal wees.

Daar word ook beoog om die werk volgens die produksiegrondslag te organiseer, en om dit te doen, is 'n gebou met groot oop ruimtes, sonder pilare, hokkies of afskortings noodsaaklik. Die produksiegrondslag is, soos ons almal weet, 'n fabrieksuitdrukking, maar die beginsels daarby betrokke, kan net so maklik op 'n groot kantoororganisasie van toepassing wees omdat dit die verdeling van werksaamhede in eenhede meebring en die verantwoordelikheid vir die voltooiing van 'n stuk werk onder een beheer plaas. Die gebruik van deurslaankaart- en ander kantoormasjinerie en fotografiese en kopieerprosesse, tesame met verbeterde metodes vir tydbesparing en die handhawing van 'n meer standhoudende toeloop van werk na die individuele klerk, leen hul almal tot die produksiebegrip van kantoorwerk. Eenvoudige metodes sal die hoofdoel wees sodat 'n groter hoeveelheid werk afgehandel kan word sonder verdere stremming op die personeel. Ons meen dat ons op hierdie grondslag die oplossing vir sulke probleme soos agterstallige werk, vertragings, ophopings en 'n tekort aan klerke sal vind.

Toe John Fairbairn en 'n paar ander op 22 April 1845 in Kaapstad bymekaargekom het om die stigting van 'n Onderlinge Lewensversekeringsgenootskap aan die Kaap die Goeie Hoop te oorweeg, kon hulle hul nouliks die geweldige groei van die Genootskap voorgestel het vanaf so 'n klein begin tot 'n inrigting van eersterangse belang in die nasionale ekonomiese lewe van Suid-Afrika.

**PERSONEELORGANISASIE EN BEPLANNING**

U sal besef dat die Direkteure en die Bestuur van u Genootskap voortdurend streef na hoër doeltreffendheid en beter organisasie. Laat ek 'n paar aspekte van hierdie saak behandel.

Eerstens, aan die menslike sy, word alle pogings aangewend om elke werknemer daarvan te oortuig dat hy belangrik is as 'n individu en nie slegs 'n rat in 'n masjien is nie. Verder word noukeurige aandag geskenk aan die verskaffing van behoorlike kantoorruimte. Dit is waar dat ons vinnige uitbreiding ernstige huisvestingsprobleme geskep het, maar ek is bly om te kan sê dat ons hulle geleidelik baasraak. Ek het u reeds vertel van ons planne vir ons nuwe Hoofkantoor-gebou te Pinelands wat 'n model van sy soort sal wees. Ons het ook in hierdie opsig die vereistes van ons takkantore oor die hele land in gedagte.

Ons pensioen-, ondersteunings- en weduweefonds vir personeellede verskaf voordele wat, in verhouding met die bydraes van ons werknemers, van die beste van hul soort in die land is. Die versekering teen siekte wat deur ons mediese hulpfonds verskaf word, blyk van die grootste waarde te wees vir baie van ons personeellede in tye van siekte, en dit word deur hulle hoog op prys gestel.

Ek mag ook verwys na die ontspanningsfasiliteite wat tans deur ons verskillende sportklubs aangebied word. Hulle dra baie by tot die kweek van 'n gees van goeie kameraadskap onder die lede van ons personeel en daardeur word die gevoel van lojaliteit teenoor ons Genootskap aangewakker. Ons hoop om in staat te wees om baie meer op hierdie gebied te doen wanneer die fasiliteite wat by Pinelands beoog word, beskikbaar word.

Ek gaan nou oor tot die tegniese metodes vir hoër doeltreffendheid en beter organisasie. Om te begin met die werwing van personeel: bekwaamheids- en algemene intelligensietoetse word by die keuse van applikante gebruik en alle pogings word aangewend om hulle in betrekkings te plaas wat die geskikste is vir hul besondere bekwaamhede. Skemas vir personeelopleiding is op verskillende peile ingevoer en dit verskaf voorligting aan die werknemers in verband met hul eie besondere werksaamhede, asook in die ander aspekte van die Genootskap se bedrywighede en stel hulle dus in staat om beter in te pas by die algemene organisasieskema.

Ons is ook baie deeglik bewus van die voordele wat die Genootskap behaal deur sy seniorbeamptes oorsee te stuur om die nuutste en modernste metodes van kantoororganisasie in ander lande te ondersoek.

**EKONOMIESE NEIGINGS**

In die loop van my toespraak verlede jaar, het ek 'n paar van die ekonomiese en finansiële probleme van die Unie behandel en die rol verduidelik wat lewensversekering in die algemeen en u Genootskap in die besonder speel om hierdie probleme te help oplos. Sedert ek u by daardie geleentheid toegespreek het, was daar 'n merkbare verbetering in die land se finansiële toestand, veral met betrekking tot sy betalingsbalans. Dit is natuurlik hoofsaaklik toe te skryf aan faktore soos die instelling van invoerbeheer en die uitwerking van devaluasie, maar, ek meen ek het gelyk wanneer ek sê dat 'n deeltjie van die verbetering aan menslike faktore toe te skryf is, byvoorbeeld, die besef deur die gemiddelde man en vrou van die erns van die toestand en 'n gewilligheid om mee te werk om dit te herstel. Die wye publisiteit wat aan hierdie saak verleen is, is dus tenvolle geregverdig.

Die voordele wat ons land as gevolg van devaluasie toegeval het, is goed bekend en is reeds elders bespreek, maar devaluasie het nie alleen voordele meegebring nie, maar ook probleme. Die uitwerking op die kostestruktuur van die land word skynbaar nie ten volle besef nie. Die goudmyne, byvoorbeeld, wat die grootste direkte voordeel uit die devaluasie van sterling gehaal het, het ook voor 'n styging in die koste van hul ingevoerde goedere, masjinerie, salaris- en loonkoste, ens., te staan gekom. Dit word weerspieël in hul hoër bedryfskoste. Enige styging in die algemene pryspeil is 'n saak wat u Direksie as die trustees van fondse van ongeveer £70 miljoen, wat die besparings van sowat 220,000 mense verteenwoordig, ten nouste raak. Ek moet dus die hoop uitspreek dat alle pogings aangewend sal word om die ongunstige gevolge van devaluasie soveel as moontlik te verminder. Terselfdertyd moet ons devaluasie as 'n voldonge feit aanvaar, 'n stap waarin Suid-Afrika slegs

(Vervolg op bladsy 4 kolom 3)

# Koue Partisane-Oorlog Rooies Se Nuwe Taktiek

*(Van Ons Korrespondent in Duitsland)*

**Sedert enkele weke gelede is agente en demonstrante wat deur die FDJ (Party van die Vrye Duitse Jeug) uit die Sowjet-gebied na Wes-Duitsland gestuur is, besig met 'n gevaarlike bedrywigheid. In verskillende groot stede van die Bondsgebied het dit uitgeloop op ernstige botsings tussen die Wes-Duitse polisie en hierdie oproermakers wat die „verowering" van Wes-Duitsland, wat op die „Nasionale Kongres" in Oos-Berlyn aangekondig is, moet voorberei.**

Die krisis van die Weste het blykbaar nie so snel ontwikkel as wat die Sowjets dit in hul spekulasieplanne voorspel het nie. Hierdie teleurstelling het 'n hersiening van die veroweringsplan noodsaaklik gemaak. Die nuwe riglyne is op 'n onlangs gehoue „Nasionale kongres" in Oos-Berlyn in 'n twaalfpunte-program aangekondig wat sonder twyfel dui op 'n verowering van Wes-Duitsland deur 'n koue partisaan-oorlog.

Die ervaring van die afgelope jare het getoon dat die Kommuniste, sodra hulle nie meer kan oortuig nie, begin om te terroriseer. Dit is dan eintlik prakties die failliertverklaring van die Kommunistiese Party — 'n bewys hiervoor is die vernietigende uitslag van die Wes-Duitse verkiesings die afgelope drie jaar en die lang en sorgvuldige voorbereiding vir die verkiesing op 15 Oktober in Oos-Duitsland. Wat Wes-Duitsland betref, is die failliertverklaring in Julie deur Hermann Nuding gedoen toe hy twyfel uitgespreek het oor die „vredesveldtog" wat Pieck op tou wou sit.

### ROOI AGENTE

Nie-amptelik was die faillissement van die Kommuniste reeds in die begin van die jaar al bekend toe die komintern-agent Wilhelm Zaisser (die rooi „generaal Gomez" uit die burgeroorlog in Spanje) in Januarie uit Moskou teruggekeer het en dadelik met die oprigting van 'n „staatsveiligheidsministerie" in Oos-Berlyn begin het. Sedertdien is een stryk deur leerlinge gewerf vir die sabotasie-en spioenasie-afdeling van hierdie ministerie om as agente in die betrokke kaderskole (op die eiland Vilm by Rügen, in Halle, ens.) opgelei te word en wat tans by die honderde oor Wes-Duitsland gelos word. Niemand van hulle mag amptelik lid van die Kommunistiese Party wees nie ten einde die party vry te hou van verantwoordelikheid vir hul skrikaanjagingsdade in die groot stede Frankfort, Dusseldorp, Dortmund en Bochum. In laasgenoemde stad is 'n vergadering van mynwerkers wat deur president Heuss toegespreek is, aanhoudend deur hierdie elemente gesteur. In Hamburg het oproerstigters 'n poging aangewend om die hooggeregshof binne te dring waar daar 'n saak aan die gang was teen SED-demonstrante.

### SKRIKAANJAGING

Maar die spesiale agitasieterrein is Berlyn waar daar daeliks botsings met die polisie voorkom. Om hierdie agitasie aan te help is daar inmiddels oorgegaan tot 'n verskerping van die posbeheer tussen Wes-Duitsland en Berlyn. Tot sover is reeds op meer as duisend pakkette met lewensmiddele en tekstielware beslag gelê. Verder word die stroomversorging van Wes- deur Oos-Berlyn gesper. Die FDJ- of SED-demonstrante is maar net die trommelslaners in die koue partisane-oorlog. Die eintlike kopstukke vir die verowering van Wes-Duitsland is die geskoolde Zaisser-agente wat reeds die name in hul sakke dra van diegene wat later gelikwideer sal word wanneer die Russe kom. Hierdie mense ken die kuns om die register van menslike sielkunde te bespeel waardeur hulle hul slagoffers deur middel van angspsigose gewillig maak vir alles wat die Kommuniste wil. Dat hulle selfs nie terugdeins vir afpersing nie het reeds geblyk waar hulle fabrikante oorreed het wat naïef genoeg was om te glo dat 'n advertensie in 'n Kommunistiese blad of 'n bydrae vir die party hulle van likwidasie sal red.

Die name van hierdie fabrikante is deur die Wes-Duitse pers openbaar gemaak, maar oor die algemeen bly die Wes-Duitse volk nog koel.

### GOOI WAL

Die hoëkommissarisse in samewerking met die Bondsregering en ondersteun deur die pers, radio en vakbonde het — wel 'n bietjie laat — tot 'n vasbeslote afweer teen hierdie rooi agente oorgegaan. Die Kommuniste sal in die aangesig ook van die waarborge van die Geallieerdes en die gebeure in Korea waarskynlik halt roep en hulle terugtrek — dit is eie aan hul taktiek.

'n Bewys hiervan is die feit dat die voorgenome sametrekking van honderdduisende FDJ-lede in Dortmund wat vir Oktober bepaal was afgelas is nadat ministerpresident Arnold, van Noord-Ryn-Wesfale verklaar het dat hy so 'n sametrekking vir geen oomblik sou duld nie.

En tog sal die gevaar van hierdie partisane bly voortbestaan solank daar oop paaie is vir hulle om binne te kom — iets wat in die verskeurde Duitsland baie moeilik verhelp kan word.

# Verwarde Houding Teenoor Duitsers

**Die Westerse volke kan maar nog geen duidelike onderskeiding kry tussen die behoeftes van die jaar 1950 en hul oorlogsoogmerke van 1939 nie. Aan die een kant besef hulle die vyandskap van Russiese Kommunisme wat slegs met die grootste gesamentlike inspanning die hoof gebied sal kan word, maar aan die ander kant weier hulle om af te sien van hul oorlogsvoornemens teen Duitsland — die sterkste bolwerk teen die Kommunistiese aggressie.**

Ten spyte van die uitspraak van militêre deskundiges dat die Weste 'n groot agterstand op Rusland het, is Brittanje en Frankryk nog steeds besig om te kibbel oor die bewapening van Duitsland.

Die verste wat laasgenoemde bereid is om toe te gee is die insluiting van Duitsers in 'n „Europese leër"—iets wat voorasnog onprakties is omdat dit vooraf die daarstelling van 'n Europese regering vereis.

In die praktyk word Duitse offisiere nog steeds in tronke aangehou as „oorlogsmisdadigers" omdat hulle die bevele van hul wettige regering uitgevoer het. In België sit 'n Duitse generaal na 5 jaar nog steeds en wag op sy verhoor onderwyl daar gesoek word na getuienis teen hom.

Hierteenoor staan die Sowjetbeleid om nie net 'n Duitse leër op die been te bring met Duitse offisiere in bevel nie, maar om selfs oud-Nazi's uit te nooi om te kom aansluit. Kort gelede het die Oos-Duitse president in Berlyn verklaar:

„Ons moet die hulp van enige generaal of oud-Nazi inskakel wat bereid is om ons saak te bevorder, so nie sal die party beroof wees van waardevolle ondersteuning."

# SJINEES SAL WÊRELDLEIER WORD VAN KOMMUNISME

**Intelligence Digest berig dat hy verdere bevestiging gekry het vir die bewering dat Stalin die Sjinese Kommunistiese leier, Mao-Tsetoeng as sy opvolger benoem het. Die lang verblyf van laasgenoemde tydens sy besoek aan Moskou word juis toegeskryf aan die feit dat Stalin hom onderrig het in sy pligte.**

'n Agent van die blad het 'n onderhoud gehad met 'n kabinetslid van Moa-Tsetoeng wat verklaar het dat Stalin die Sjinese leier meegedeel het dat hy besluit het om hom te benoem as die toekomstige leier van Wêreldkommunisme. Mao sal in daardie geval 'n leidende posisie beklee in sowel Sjina as Rusland en die vereniging van die twee lande kan bewerkstellig.

Slegs 'n paar van die Russiese leiers weet van die plan, terwyl drie Sjinese kabinetslede ingelig is.

Die blad verklaar dat die berig met versigtigheid bejeen moet word, maar dat dit interessant is om te weet dat Stalin en Mao se portrette dees dae langs mekaar verskyn op Kommunistiese konferensies in Europa.

# See Sal Moet Help Voed

Die enigste antwoord op die probleem dat die bevolking besig is om vir sy kosvoorrade te groot te word, is om voedselbronne uit die see te put, het die Direkteur van Visserye, dr. C. von Bonde, gesê toe hy 'n vergadering van die Kaapstadse junior-kamer van Koophandel toegespreek het.

Die moontlike voedselbronne in die see is plankton, haaivleis en walvisvleis. Haaivleis is smaaklik en eetbaar. Slegs een uit 50 haaisoorte is 'n mensvreter. Walvisvleis is 'n voedselsoort wat baie oor die hoof gesien word.

# Koning Gebruik Sy Laaste Kans

**Die konserwatisme van die Britse volk word — behalwe in terme van lae produksie op arbeidsgebied — nêrens so treffend geïllustreer as in sy regeringsgebruike nie. In die parlement word gewoontes van eeue gelede nog met die grootste erns gehandhaaf al is dit vandag niks meer as hansworsery nie.**

So byvoorbeeld is dit gebruik dat wanneer 'n nuwe speaker vir die laerhuis gekies word, hy deur beamptes gevang en na sy stoel gesleep moet word onderwyl hy hom met alle mag teen hulle verset. Dit stam uit die tydperk toe die parlement 'n stryd moes voer teen die koning en dit die speaker se onbenydenswaardige taak was om die besluite van die parlement aan die koning te gaan oordra.

Verlede week is berig dat die Britse koning 'n dag voor die formele ingebruikneming van die nuwe laerhuisgebou gaan kyk het hoe die plek lyk. Dit sou die laaste geleentheid vir hom wees, want voortaan mag hy nie meer sy voet daar sit nie. Sy private besoek aan die gebou was die derde wat 'n koning aan die Britse laerhuis in drie eeue gebring het. Sedert die dae toe koning Karel I 'n paar parlementslede in die laerhuisgebou in hegtenis gaan neem het, is geen koning meer toegelaat om in die nabyheid van die gebou te kom nie — selfs al het die die mag om in hegtenis te neem lankal verdwyn.

Die koning was dan ook uitgesluit van die formele opening waar afgevaardigdes uit sy bonte ryk as gaste toegekyk het. Later is die plegtigheid verdaag na 'n saal langsaan waar die koning sy boodskap gelewer het!

# GRIKWASTAD HOU PRYSSKIET

Grikwastad se offisiere het hierdie keer besluit om hul O.B.-dag-funksie te hou in die vorm van 'n prysskiet op die plaas van mnr. Venter (hoof-kommandant). Die kommandant, mnr. A. B. Jacobs, het gesorg vir die eerste prys vir .303-gewere, naamlik 'n bees, terwyl mnre. J. P. Jansen (veldkornet) en P. Noeth (asst.-veldkornet) elk vir 'n skaap gesorg het vir die .22-gewere.

Dit was dan ook 'n plesier om op 30 September die boere met hul gewere oor die skouer te sien aankom. Mnr. A. Kotzé het die bees gewen in die wedstryd met groot gewere, terwyl mev. L. Venter die gelukkige wenner was in die afdeling vir klein gewere.

Intussen was die vroue bedrywig met versversings te bedien en die uitloot van 'n koek.

Later is die bedrywighede onderbreek toe ons spreker, mnr. J. H. Gouws, hoofgeneraal in die Noordweste, sy toespraak gelewer het. Hy het 'n baie duidelike uiteensetting gegee van die oneerbaarheid van die partypolitiek en van die noodsaaklikheid vir die O.B. om voort te bestaan.

Mnr. Gouws moes onmiddellik na sy toespraak weer weggebring word na sy vliegtuig om 'n volgende bestelling na te kom. Ons hartlike dank aan hom en ook aan mnr. (hfkomdt.) en mev. Venter vir hul plaas en al die ander offisiere en Brandwagte. Die ingesamelde bedrag was £21/10/-.—(Ingestuur)

# Geen Politieke Gevangenes In Spanje

**In 'n amptelike verklaring oor die wêreldtoestand het genl. Franco gesê dat daar in Spanje geen politieke gevangenes is nie — en, daar kan bygesê word, geen Kommuniste. Ten einde te voorkom dat gesê kan word dat politieke gevangenes onder 'n ander benaming opgesluit word, het genl. Franco aangetoon dat die totale tronkbevolking van Spanje 33,357 is of 'n rapsie meer as 1 per 1,000 van die bevolking, wat laer is as die tronksyfer vir sowel die koninkryk as die republiek.**

**Dit is interessant om te weet dat Spanje nog steeds deur die V.V.O. uitgesluit word van deelgenootskap omdat hy dan fascisties sou wees, terwyl Rusland, met 'n totaal van 20 miljoen politieke gevangenes as 'n waardige lid met 'n veto-reg in die raadsale van die V.V.O. sit.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Somertabberds
In Hul
Heldere
Patrone
BY
Steyns
DIE MODEWINKEL
Parow

Kotzé
Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.
ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD